education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

GRAAD 11

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

JUNIE 2015

PUNTE: 80

TYD: 2 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: Leesbegrip	(30 punte)
AFDELING B: Opsomming	(10 punte)
AFDELING C: Taal	(40 punte)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

3. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.

5. Skryf netjies en leesbaar.

9. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A:	50 minute
AFDELING B:	30 minute
AFDELING C:	40 minute

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

TEKS A: KOERANTARTIKEL

Lees die onderstaande koerantartikel en beantwoord die vrae.

Met 5c-stukke koop sy skoolklere

"Dit was party dae moeilik om aan te gaan, maar 'n mens moet aanhou. Ek was so bly toe die Onderwys-departement vir my 'n spesiale toekenning gegee het."

1 'n 5c-stuk op sy eie kan nie altyd 'n verskil maak nie, maar wag totdat jy hope daarvan het.

2 So glo Badanile Zulu (50) van KaNyamazane in Mpumalanga, wat al sedert 2007 5c-stukke bymekaar maak om vir behoeftige kinders skoolklere en selfs kospakkies te koop. Sy gooi al die 5c-stukke in 'n bottel wat sy by haar huis bêre.

3 Zulu help ander mense graag. Sy weet hoe dit voel om met 'n rompie wat te kort is en 'n hemp met 'n stukkende kragie skool toe te gaan. "Mense sukkel deesdae baie, omdat hulle nie werk kry nie en Suid-Afrika se ekonomie baie swak is."

4 "Maar 'n engel het my destyds gehelp en vir my 'n werk by die skakelbord in die Provinsiale Onderwysdepartement gereël." Die werk het haar lewe baie makliker gemaak. Sy kon vir haar en haar kinders 'n beter huis huur, sorg dat hulle elke dag kos op die tafel het en ook vir hulle almal klere koop.

5 "Ek het myself gevra wat ek moet doen om ander mense te help soos wat iemand my gehelp het. Een aand het die antwoord in 'n droom na my gekom."

6 Van 2007 tot 2009 het Zulu skoolklere met haar eie geld gekoop. Sy het gesien hoe goed dit was vir kinders om netjiese skoolklere te hê. 'n Blink idéé het haar te binne geskiet en sy het begin om die nou reeds bekende 5c-stukke bymekaar te maak. Elke 5c-stuk waarop sy haar hand kon lê, het in 'n bottel

beland. Dit was wonderlik om te sien hoe gou 'n klomp 5 sente 'n nuwe grys broek kan koop.

7 Baie ander mense het van my projek gehoor en het hulle 5 sente ook vir my gegee.

8 "Eendag het ek 'n oproep van 'n radio-omroeper van Ligwala FM gekry. Hulle het 'n onderhoud met my oor die radio gevoer. Sedertdien sit mense hul kleingeld in 'n houer vir my by die radiostasie se kantoor en gaan haal ek dit weekliks."

9 Zulu vertel met 'n breë glimlag sy het oor die jare heen met die hulp van die gemeenskap al skoolklere vir meer as 1 000 laer- en hoërskoolleerlinge gekoop.

10 "Hulle noem my 'Mamma 5 sent' of 'Mamma Teresa'," vertel sy laggend. Sy koop elke maand skoolklere vir sowat 50 leerlinge en met die hulp van haar kerk word dit aan behoeftige kinders oor die hele Limpopo heen geneem.

11 Zulu het haar dankbaarheid uitgespreek teenoor Lowveld Wholesalers, wat haar spesiale afslag op skoolklere gee.

12 "Dit was party dae moeilik om aan te gaan, maar 'n mens moet aanhou. Ek was so bly toe die Mpumalanga-onderwysdepartement my 'n spesiale toekenning gegee het. Dit het my laat voel dat al die harde werk regtig waardeer word."

13 Reginah Mhaule, LUR vir onderwys, het Dinsdag by die aankondiging van die 2014-matriekuitslae dié spesiale toekenning aan Zulu oorhandig en haar vir haar goeie dade geprys.

14 Zulu het gesê sy sal nooit die dag vergeet toe sy aan twee gestremde kinders uniforms gegee het nie. "Dit was in 2007. Ek sal nooit vergeet hoe hul gesiggies verhelder het en hoe hulle gelag het nie."

15 Zulu gaan kuier kort-kort vir die kinders aan wie sy al skoolklere gegee het en sê sy kan 'n baie groot verskil in hul skoolpunte sien.

[Verwerk uit:*Beeld,* 9 Januarie 2015]

1.1 Watter geldstuk maak Badanile Zulu bymekaar? (1)

1.2 Lees weer die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 1.

1.2.1 Is die woord "hope" letterlik of figuurlik bedoel? (1)

1.2.2 Wat beteken die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 1 binne konteks van die teks? (1)

1.3 Noem TWEE goeie dade wat Badanile Zulu met die 5 sente doen. (2)

1.4 Waarna verwys die woord "behoeftige" in paragraaf 2? (1)

1.5 Wat impliseer die skrywer met die volgende woorde:

"Sy weet hoe dit voel om met 'n rompie wat te kort is en 'n hemp met 'n stukkende kragie skool toe te gaan." (1)

1.6 Noem TWEE redes hoekom mense baie sukkel volgens Badanile. (2)

1.7 Nelson Mandela het vir Badanile gehelp om werk te kry.

Haal SEWE OPEENVOLGENDE WOORDE woorde uit paragraaf 4 aan om te bewys dat die stelling ONWAAR is. (1)

1.8 By watter Staatsdepartement het Badanile werk gekry? (1)

1.9 Wat was die antwoord wat Badanile in 'n droom gekry het? (1)

1.10 Gee TWEE ander woorde wat jy ook kan gebruik vir die woordpaar *blink idée* in paragraaf 6. (1)

1.11 Wat van die 5 sent-projek was vir Badanile wonderlik? (1)

1.12 Hoe weet jy dat die gemeenskap Badanile se projek ondersteun het? (Paragraaf 7.) (1)

1.13 Dink jy die radio-onderhoud met Badanile het 'n goeie gevolg gehad? Motiveer jou antwoord met TWEE redes uit Paragraaf 8 en 9. (2)

1.14 Hoekom noem die gemeenskap vir Badanile *"Mamma Teresa"* en nie *Mamma Badanile* nie? (1)

1.15 Noem TWEE groepe mense wat vir Badanile met die verspreiding en koop van die skoolklere help. (2)

1.16 Watter toekenning het Badanile baie waardeer? (1)

1.17 Die uitdrukking "hul gesiggies" verhelder beteken in die teks dat die leerders ...

A se gesiggies skoon is.
B bly en gelukkig lyk.
C hulle tande vir die mense wys.
D mooi en netjies aangetrek is. (1)

1.18 Wat is die positiewe gevolg van 'n leerder wat netjies aangetrek is? (1)

1.19 Watter belangrike les leer ons uit die lewe van Badanile? Verwys na die teks in jou antwoord. (1)

TEKS B SPOTPRENT

Bestudeer die spotprent en beantwoord dan die vrae.

[*Burger*, 20 Mei 2012]

1.20 Kyk goed na die spotprent.

1.20.1 Wat gaan die gesin saam doen? (1)

1.20.2 Noem EEN rede om jou antwoord in VRAAG 1.20.1 te motiveer. (1)

1.21 Wat beteken dit as die seun sy skoolloopbaan wil opoffer? (1)

1.22 Watter koerantopskrif sluit by die seun se woorde aan? (1)

1.23 Noem TWEE dinge wat die spotprenttekenaar gebruik om vir ons te sê dat die seun nie van skool hou nie. (2)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Lees die onderstaande instruksies aandagtig deur en voer die instruksies uit.

INSTRUKSIES

1. Som die SEWE wenke vir 'n goeie leier op.
2. Skryf die wenke PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die wenke van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

TEKS C: WENKE VIR 'n GOEIE LEIER.

Alle leerders moet leiding neem. Jy kan gekies word as die klaskaptein of die kaptein van 'n sportspan.

Hier is belangrike wenke wat 'n leier moet onthou.

'n Goeie leier is nie 'n bangbroek nie. Dit beteken jy het moed vir dit wat jy moet doen. Jy sorg ook dat jy nie wys dat jy bang is nie.

Leiers moet besluite neem, maar goeie leiers neem dapper besluite. Jy staan jou man al weet jy dat almal nie van jou besluit gaan hou nie. As jy jou humeur verloor, verloor jou volgelinge respek vir jou. 'n Goeie leier word dus nooit kwaad nie.

Om van voor af te lei, is ook 'n teken van 'n goeie leier. Soms beteken dit dat jy die een moet wees wat jou huiswerk in die klas doen, maar ook om dinge te doen wat nie aandag trek nie.

'n Goeie leier moet ook bereid wees om te volg. Jy laat die beste spelers in die span toe om hulle beste te doen en dan volg die res van die spelers ook.

Kalmte is ook baie belangrik vir 'n leier. As jy kalm is, kan jy mooi dink en belangrike besluite neem.

'n Goeie leier kyk ook verby die negatiewe dinge en sien altyd die goeie dinge in ander mense raak. As jy die goeie in ander raaksien, spoor jy hulle tot beter prestasies aan.

[Verwerk uit: *Sarie,* Julie 2011]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

VRAAG 3: ADVERTENSIE

TEKS D

- Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

Aandag almal!

REGSTELLENDE RAADGEWERS
Maak gebruik van Paul en Pamela se (3.4) (uitstekend) dienste en kennis. As jy 'n tiener is met 'n probleem, kan ons help om die oplossing te vind. Vir ouers wat ly onder die buie van hul kinders het ons ook, (3.6) raad! As jou meisie vir jou (3.7) kwaad is, my vriend moenie alleen worstel en voortsukkel nie. Daar is 'n lig aan die einde van die tonnel!

(3.8) SKAKEL NOU! SKAKEL GOU!

Posbus 18, BOSKOP
Tel (0271) 4423 *Faks (0271) 4451
e-pos: paulpam@boskop.co.za

[Verwerk uit: *Nuwe Afrikaans Sonder Grense*]

3.1 Noem TWEE groepe mense vir wie hierdie advertensie van hulp sal kan wees. (2)

3.2 "As jy 'n tiener is ..." Waarom is dit effektief dat die adverteerder die woord "jy" gebruik? (1)

3.3 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies:

As jou meisie vir jou (kwaad) is, my vriend, moenie alleen worstel en voortsukkel nie. (1)

3.4 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies:

Maak gebruik van Paul en Pamela se (uitstekend) dienste en kennis. (1)

3.5 Gee die VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies:

Vir ouers wat ly onder die buie van hul (kinders) het ons ook raad. (1)

3.6 Die woord raad beteken om advies te gee. Gebruik die HOMONIEM van raad in 'n volsin sodat dit 'n ander betekenis het. (1)

3.7 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM:

Skakel nou! (1)

3.8 Hoekom is die effektief om verskillende lettertipes in die advertensie te gebruik? (1)

3.9 Jou maat het sy meisie/kêrel gelos. Dink jy hierdie advertensie sal vir hom/haar van hulp wees? Motiveer jou antwoord. (1)
[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT

TEKS E

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

KAPERJOLLETJIES



[Verwerk uit: *Kaperjol* graad 11]

4.1 Kies die korrekte antwoord.

Craig se houding teenoor sy pa is:

A Beledigend
B Simpatiek
C Oneerbiedig
D Sarkasties (1)

4.2 Wat word oor Craig se pa geïmpliseer? (1)

4.3 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.
Craig sê: "Ek wil geld vir die snoepwinkel hê!"

Begin met: Craig sê dat ... (2)

4.4 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Ek wil geld hê om te gaan fliek. (1)

4.5 Gee die VERGROTENDE TRAP van die onderstreepte woord.
Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Dit sal <u>goed</u> wees as Craig se pa nie vir alles instem nie. (1)

4.6 Skryf die sin hieronder oor en vervang die onderstreepte voegwoord met DAAROM.

Craig wil gaan fliek <u>en</u> hy wil geld hê. (1)

4.7 Kies die antwoord wat die idioom korrek sal voltooi.

Ons kan sê Craig draai sy pa om sy ...

A hand.
B pinkie.
C vinger.
D duim. (1)

4.8 Gee die SINONIEM van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord neer.

Ek wil die <u>kar</u> hê. (1)

4.9 Hoe word Craig se woorde in al die raampies beklemtoon? (1)
[10]

VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

5.1 TEKS F

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

Wie nie waag nie ... en toe sê Chad sowaar ja! (*Lourensa Eckard)*

Johannesburg. – Wie nie waag nie ... 5.1.1

So het Melanie Olhaus 5.1.2 (17) van die Hoërskool Glenvista in die suide van die stad gesê oor die feit dat Chad le Clos, wat Olimpiese 5.1.3 (goud) en silwer medaljes gewen het, ingestem het om haar matriekdansmetgesel te wees.

"Ek het so gehuil toe hy ja sê; ek kan dit steeds nie glo nie," het Olhaus 5.1.4 (die vorige dag) gesê. Sy het eergister saam met honderde mense na die 5.1.5 (lughawe) gegaan. 5.1.6 (in, met, vir) die hoop om persoonlik vir Chad te vra of hy saam na haar matriekdans sal gaan. "Ek was onseker of dit die moeite word sou wees om te gaan, maar ek het geweet dit sou my enigste kans wees om hom te vra."

Melanie het haar plakkaat met Chad se 5.1.7 (foto) en die 5.1.8 (uitnooi)omhoog gehou en gelukkig, het hy dit raakgesien 5.1.9 Hy het na Melanie toe gestap en gesê hy sal haar metgesel wees op voorwaarde dat hy in die land is.

5.1.10 Melanie het gesê sy weet nie wat sy gedeurende die aand vir Chad sal sê nie maar sy is gelukkig om net na hom te sit en 5.1.11 staar.

Melanie het uitgeroep: "5.1.12 ...! Ek is so bly!"

[Verwerk uit: *Die Burger,* Augustus 2012]

5.1.1 Voltooi die idiomatiese uitdrukking deur die ONTBREKENDE WOORD in te vul.

Wie nie waag nie, … nie. (1)

5.1.2 Skryf die vetgedrukte GETAL tussen hakies in die onderstaande sin in woorde.

Melanie (**17**) het gehoop Chad le Clos sal na haar matriekafskeid gaan. (1)

5.1.3 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Chad, wat Olimpiese (goud) en silwer madaljes gewen het, het ingestem. (1)

5.1.4 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies.

"Ek het so gehuil toe hy ja sê; ek kan dit steeds nie glo nie," het Olhaus (die vorige dag) gesê. (1)

5.1.5 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies. (1)

Sy het eergister saam met honderde mense na die (lughawe) gegaan. (1)

5.1.6 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies. Skryf slegs die antwoord neer.

Sy het saam met honderde mense na die lughawe gegaan (in/met/vir) die hoop om persoonlik vir Chad te vra of hy saam met haar na haar matriekdans sal gaan. (1)

5.1.7 Gee die VERKLEININGSVORM van die onderstreepte woord. Skryf slegs die antwoord neer.

Melanie het die plakkaat met Chad se <u>foto</u> omhoog gehou. (1)

5.1.8 Skryf die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Melanie het die plakkaat met Chad se foto en die (uitnooi) omhoog gehou. (1)

5.1.9 Skryf in die DIREKTE REDE.

Hy het na Melanie toe gestap en gesê hy sal haar metgesel wees. (2)

5.1.10 Verbeter die LEESTEKENFOUT en SPELFOUT in die volgende sin. Skryf die hele sin korrrek oor.

Melanie weet nie wat sy gedeurende die aand vir Chad sal sê nie maar sy is gelukkig om net na hom te sit en staar. (2)

5.1.11 Kies die KORREKTE ANTWOORD.

Staar beteken

A lag
B huil
C kyk
D praat (1)

5.1.12 Voltooi die onderstaande sin met Melanie se moontlike UITROEP toe Chad ja gesê het.

Melanie het uitgeroep: "... ! Ek is so bly!" (1)

[14]

5.2 TEKS G

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande prent gebaseer.



[Prent geneem uit: *Nuwe Afrikaans Sonder Grense*]

Gebruik die woorde in die lys hieronder om die sinne (5.2.1 – 5.2.6) te voltooi.

kussing; laken; wêrelrond	langs; teen;	naat; bo-op;	kombers; kant;	skildery; foto;	koeëlrond; gordyne;

5.2.1 Daar is 'n papegaai tussen die ... (1)

5.2.2 Die blomme in die blompot is ... die tafel. (1)

5.2.3 Die hond op die bed lê op die ... van sy rug. (1)

5.2.4 Daar is 'n ... van 'n boot wat teen die muur hang. (1)

5.2.5 Die bal is ... (1)

5.2.6 Die hond lê met sy kop op die ... (1)
[20]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou